

21 Augustus 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 27

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

VOORBLAD

Dissipelskap in 'n wêreld van kitsoplossings

Die radikale ontwikkeling op tegnologiese gebied het tot gevolg dat ons leef in 'n tyd van kitsoplossings. Daarom is daar by talle 'n soort ongeduld: Ons soek na vinnige resultate – ook in die Kerk.

Vandaar die geskarrel rondom die regte sisteem of die regte program wat gevolg moet word, op die regte tyd en op die regte plek, wat uiteindelik moet vrug dra. Dan sal gemeentes weer begin groei en daar sal genoeg middele wees om voluit kerk te kan wees...

Baie beleef egter die teendeel: Daar is niks romanties of idillies omtrent die Kerk nie. Die harde werklikheid van die lewe word feitlik daagliks in 'n gemeente ervaar: sterftes, egskedings, kinders wat rebelleer, terminale siekes, hartseer, ellende en pyn. Die bediening is 'n voortdurende opdraande stryd.

Boonop tel die tydgees ook teen die kerk. Dissipelskap spreek die hedendaagse mens nie meer aan nie. Die wêreld het 'n veel groter impak op die hedendaagse mens. Die verbruikersmentaliteit van ons tyd het 'n geweldige impak op ons lewenswyse – meer as wat ons dikwels besef. Die evangelie vind steeds byval by die hedendaagse mens, maar op die lang duur word daar nie in die geloof volhard nie. Talle maak daarop aanspraak dat hulle weergebore is, maar resultate van volwasse geloof is maar skaars. In die tyd waarin ons leef, kan enigiets – selfs die evangelie – byval vind solank dit reg verpak en bemark word. Daar is egter 'n gebrek aan geloofsgroei, want sodra die opwinding verby is en dit nie meer iets nuut is nie, verloor mense belangstelling.

Die bekende akademikus en gemeenteleraar Eugene Peterson wys daarop dat daar geen kitsoplossings is vir die probleme waarmee die kerk vandag worstel nie. Die kerk se pad in die wêreld is soos 'n lang en moeisame pelgrimstog: vol bedreigings, ontberings en opofferings. Maar altyd die moeite werd, veral as die bestemming uiteindelik bereik word. In die proses kom daar dan ook verdieping en geestelike groei wat lei tot groter volwassenheid in die geloof. In dié verband verwys Peterson na 'n bekende uitspraak van Friedrich Nietzsche (1844-1900) waarop die titel van sy boek sinspeel: *The essential thing "in heaven and earth" is that there should be a long obedience in the same direction; there thereby results, and has always resulted in the long run, something which has made life worth living.*

Peterson pas dit dan toe op kerkwees: *...it means going about our assigned tasks, confident that God will provide the meaning and the conclusions... It is the opposite of desperate and panicky manipulations, of scurrying and worrying... It is a willingness to let God do it His way and in His time. It is the opposite of making plans that we demand that God put into effect, telling Him both how and when to do it* (Eugene H Peterson, *A Long Obedience in the Same Direction: Discipleship in an Instant Society*).

Daar is nie kortpaaie of kitsoplossings nie: Kerkwees is 'n lang en moeisame pad. Die lewe is kompleks. Die lewe is hard en dikwels onbillik. Mense word soms uitgelewer aan omstandighede wat ons nie altyd verstaan nie en waaroor ons geen beheer het nie. Vinnige antwoorde bied op die lang duur geen oplossing vir probleme nie. Maar ten spyte daarvan moet ons *die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gerig op Jesus, die Leidsman en voleinder van die geloof...*

Ds Etienne Verhage, Bellville



BEROEPE

Vakante werksruimte

- **Gemeente Rustenburg Jac van Belkum** het 'n werksruimte vir **deeltydse bediening**. Die standplaas het vakant geraak met die vertrek van ds Suzelle Lange. Jac van Belkum bestaan uit 166 belydende lidmate (218 dooplidmate). Die werksopdrag en vergoeding sal met elke aansoeker bepreek word. **Aansoeke sluit op 20 September 2014**. Vir meer inligting, skakel mev Hester Coetzee (skriba) by 083 324 9983 of ds Johnny Young (konsulent) by 083 730 0706.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Mev Corlia Erasmus**, vrou van wyle ds DF Erasmus (jr) en vroeër 'n inwoner van Huis Bron van Heil in Heilbron, het onlangs 'n beenbreuk gehad. Sy is nou oorgeplaas na Clevera Haven in Rietvalleirand naby twee van haar kinders en word dus daar versorg. Ons bid mev Erasmus seën en beterskap toe.
- **AANDAG ALLE OUD-VAN DER HOFFERS!**
Spesiale feesdinee om die Vereniging se **90-jarige bestaan** te vier
Waar: Tukkies se Klubsaal (Burgundy's)
Wanneer: **Donderdag 28 Augustus 17:30 vir 18:00**
Predikante kan gerus hul jaargroepe motiveer om dit by te woon
Antwoord asseblief nog hierdie week
Beperkte aantal kaartjies beskikbaar
R180 per persoon en R150 per persoon per paartjie
Besprekings en navrae aan Dewald Kruger by dewalq@gmail.com
of Elmien Knoetze by vdhstudente@gmail.com
- Die Moderamen het met groot dankbaarheid verneem van die besluit van lidmate van **Gemeente Molopo** in die ring van Noord-Kaapland om weer by die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aansluiting te vind. 'n Aantal lidmate wat vroeër van die Kerk af weggebreek het, het na 'n besoek van dr Wim Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die AKV, besluit om weer volledig by die Hervormde Kerk in te skakel. Die Ringskommissie onder leiding van **ds Pieter le Roux** sien om na die bearbeiding van hierdie gemeente. Die Moderamen verwelkom die verwikkeling en herbevestig dat hulle graag gesprek voer met lidmate wat misverstande uit die weg wil ruim of bande met die Hervormde Kerk wil herstel.
- **AANSTELLING: HOOF VAN DIE HTK. Ds Hannes van der Merwe**, voorsitter van die Kuratorium, berig soos volg: "Aangesien die huidige hoof van die Hervormde Teologiese Kollege geëmeriteer het, het die Kommissie van die AKV die proses in werking gestel om 'n nuwe hoof aan te wys wat op 1 Januarie 2015 diens kan aanvaar. 'n Komitee is aangewys om die aanstelling en die proses wat gevolg moet word, te bepreek. Een van die eerste sake op die agenda was of sodanige aanstelling 'n interne aanstelling moet wees. Die komitee was dit egter eens dat die pos van Hoof van die HTK so deurslaggewend is vir die Kerk dat die Kerk die beste persoon vir die pos moet aanstel. Daarom is 'n advertensie saamgestel en is aansoeke vanuit die Kerk ingewag. Die Kommissie van die AKV het besluit dat die proses deur die Kuratorium vir Teologiese Opleiding hanteer moet word. Die Kuratorium het 'n keurkomitee aangewys wat die proses verder hanteer. Op 13 Augustus het die aangewese keurkomitee onder leiding van die Kuratorium byeengekom en die aansoeke deurgewerk. Daar is **'n kortlys van drie persone** saamgestel en hulle is vir onderhoude genooi. Die onderhoude vind

op 21 Augustus plaas, waarna die keurkomitee die naam van die kandidaat aan die Kommissie van die AKV sal voorlê vir **bekragtiging tydens hul vergadering van 4 en 5 September**. Die Kerk word gevra om te bid dat die Here ook nou vir die Kerk die regte persoon op die regte tyd sal gee.”

- **Sondag 24 Augustus is MEDIASONDAG** in die Kerk. Daar is groot nuus: 'n Proeflopie met **Die Hervormer van September 2014 is nou elektronies beskikbaar** by www.hervormer.co.za/konsep/. SENTIK beplan om *Die Hervormer* van Januarie 2015 af in gedrukte formaat én elektroniese formaat uit te gee. 'n Brief word aan die predikant en kerkraad gestuur om te verduidelik hoe dit elke gemeente raak. **Die pryse van die publikasies in 2015 is soos volg:**
 - o **Konteks:** R185 vir 10 uitgawes; R25 + posgeld per individuele uitgawe
 - o **Almanak/Bybelse Dagboek:** R140
 - o **Die Hervormer:** Gratis vir lidmate wat dit via hul gemeente ontvang (gemeentes moet steeds vir SENTIK laat weet hoeveel gedrukte eksemplare hulle wil ontvang). Individuele intekenaars betaal R110 vir 11 uitgawes; R15 per individuele uitgawe

Gemeentes word versoek om die meegaande promosieskyfies oor die kerklike publikasies Sondag saam met die gemeentelike afkondigings te vertoon.

- **SENTIK** stuur saam met hierdie nuusbrieff vir gemeentes 'n **Kerckalender vir 2015**. Die indeling van die Kerkjaar, spesiale deurkollekte, al die kerklike en openbare vakansiedae, en die skoolkwartale is daarop aangedui. Die voorblad is 'n samestelling van die mooi voorblaaie van 2015 se *Almanak/Bybelse Dagboek*. Gemeentes is welkom om hierdie Kerckalender met hul eie datums en inligting verder in te vul (riglyne verskyn op die agterste bladsy), en elektronies of in gedrukte vorm aan hul lidmate te versprei. SENTIK vertrou dat ons gemeentes so help met hul jaarbeplanning vir 2015, en bid dat die Here die dienswerk in die gemeente sal seën. Die Kerckalender word **ook op die Kerk se webblad geplaas** by www.nhka.org → Nuus en gebeure → Kalender.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Bejaardes is geneig om tot op hoë ouderdom hul motors te bestuur en selfs ander bejaardes te vervoer. Let fyn op en, indien nodig, verleen hulp om die motor padwaardig te hou met die brandstoftenk minstens driekwart vol. Kinders moenie huiwer om ernstig met hul ouers te praat indien hulle agterkom dat die bestuur van 'n motor vanweë swak sig, stadige reaksie of ander faktore gevaar vir die insittendes sowel as ander mense inhou nie. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **September is Bloedskenkmaand** en ons wil graag soveel Hervormers moontlik daarby betrek. Die Sinodale Kerkkantoor beplan om op **Donderdag 25 September** 'n bloedskenkkliniek by die Kerkkantoor in Pretoria te hou. Lidmate wat wil kom bloed skenk, moet mev Gianni Joubert by algemeen@nhk.co.za laat weet. Bloedskenkers is tussen die ouderdom van 16 en 65, weeg 50 kg of meer, is gesond en lei 'n veilige seksuele lewe. Gemeentes wat 'n bloedskenkkliniek by hul kerkgebou wil reël, kan Belinda Botha, skakelpraktisyn, kontak by 012 391 2551 of 082 419 1171.

- Die **Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)** nooi diegene uit wat tydens die AKV aan die **debat oor homoseksualiteit** deelgeneem het om hul standpunte op skrif te stel. Hulle is welkom om hul standpunte tot kort artikels te verwerk. Hierdie aangrypende debat is nie genotuleer nie en die *THT* 2014/4 kan die leemte oorbrug. Die standpunte (en/of kort artikels) moet die redakteur teen nie later nie as **begin Oktober** bereik. *THT* 2014/4 word aan die **etiek** gewy. Hierdie jaar word binne die raamwerk van die Luther-dekade aandag gegee aan die verhouding kerk en staat / geloof en politiek. Dit sal goed wees indien die Hervormde Kerk aan die debat kan deelneem. Artikels oor hierdie tema word ook ingewag teen





begin Oktober. Voornemende outeurs moet die redakteur, prof Natie van Wyk (aim1@mweb.co.za), so gou moontlik in kennis stel van hul voornemens.

- **Alle predikante van die Kerk**, diensdoende en emeriti, het waarskynlik reeds hul gratis eksemplare van die Nuwe Testament en Psalms van **Die Bybel: 'n Direkte Vertaling** as geskenk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ontvang. Indien daar dalk predikante is wat dit nog nie ontvang het nie, word hulle vriendelik versoek om met mev Anne-Marie Nortjé, sekretaresse van drr Kálmán Papp en Stephan Hoffman, in verbinding te tree by 011 970 4010. Skakel egter asseblief eers vooraf met u ringskriba wat dit dalk namens u in ontvangs geneem het tydens vanjaar se ringsvergadering.
- Neem asseblief kennis dat die petisie teen **Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV)** wat tans via e-pos en sosiale media (Facebook, Whatsapp, BBM, ens) versprei word, van alle waarheid ontbloot is. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het reeds hierdie **valse bewerings** beantwoord in 'n verklaring wat besigtig kan word by die BDV se webtuiste www.bybeldirektevertaling.co.za (selekteer die skakel wat lees: *verklaring van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika na aanleiding van 'n petisie teen 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling*). Stuur asseblief hierdie inligting aan vir enige persoon wat die petisie vir u aanstuur. Dankie vir u volgehoue ondersteuning en gebed vir die uitvoering van die visie van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika: *'n Bybel vir elkeen*.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Vrydag 12 tot Sondag 14 September**
Gemeente Philadelphia is 50 jaar oud en vier fees
Alle oudlidmate welkom
Vrydag 12 September: Duitse kuieraand
Saterdag 13 September: Basaar en *Amazing Race*
Sondag 14 September: Dankdiens
Navrae aan Elize by 012 362 7237 of philadelphia@nhk.co.za

'n Gedig oor tyd wat verbygaan

Die tyd loop katvoet

*Die dag stap luiters verby soos 'n kat,
stert omhoog. Laat my jou streef.*

*Spring nou op my skoot. Ek wil
jou iets vertel. Jy gaan my elke*

*dag verby en ek kyk jou agterna,
en roep, maar jy skuur jou wang*

*teen die verlede. Elke dag loop daar
'n dag uit my lewe en gaan slaap*

*opgekrul en droom hom met bewende
snor binne-in my daaglikse handel.*

*Vorentoe, agtertoe loop die tyd
katvoet aan my verby, en spin.*

Wilma Stockenström
(Uit: *Spesmas* 1999)



Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 29 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 21 Augustus: Ds W (Werner) Mans (Duncanville)
 - Vrydag 22 Augustus: Ds WH (William) Harmse (Alberton-Wes)
 - Maandag 25 Augustus: Ds JJ (Johannes) Barnard (beroepafwagting)
 - Dinsdag 26 Augustus: Di C (Chris) le Roux (Stellenbosch/Worcester) en Joseph Steyn (Orkney)
 - Woensdag 27 Augustus: Prof JH (Johan) Koekemoer (emeritus)
 - Donderdag 28 Augustus: Ds GC (Gert) van Staden (emeritus)
 - Vrydag 29 Augustus: Ds J (Jan) van Immerzeel (emeritus)

Beplande vergaderings

- Vrydag 22 Augustus: Raad van Finansies
- Maandag 25 Augustus: Komitee vir Herskrywing van Kerkorde
- Dinsdag 26 Augustus: Predikante en Personeel Pensioenfonds
- Woensdag 27 Augustus: OSR Werkwinkel
- Donderdag 28 Augustus: Ons Tuis Direksie

Kursusse en toerusting

- **Hervormde Teologiese Kollege: Gesprek met die Bybel**
Woensdag 3 September 19:00 tot 21:00
Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie, Kamer 1-11
Tema: *Homoseksualiteit* (inleier prof Piet Geyser)
Bevestig asseblief teen **Woensdag 27 Augustus** indien u gaan bywoon
Kontak mev Betsie Brits by 012 420 5393 / betsie.brits@up.ac.za

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)
012 325 1857 x202 / www.otmt.org
- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Skryfwenke

Verlede week het ons met die aanhaling van Hans du Plessis beaam dat daar nie werklik 'n resep vir kuns is nie. Tog kan ons in ons skryfwerk gerus maar ag slaan op kundiges se wenke.

Lizette Rabe, voormalige hoof van die Departement Joernalistiek, Universiteit van Stellenbosch, en voorheen redakteur van *Sarie*, gee onder meer die volgende artikelwenke (in haar eie woorde):

- ✓ Onthou die krag van kort sinne. Maar laat jou kopie vloei waar nodig – laat die storie die ritme bepaal. 'n Liriese onderwerp vra liriese sinne.
- ✓ Maak seker punktuasie word reg gebruik; dit is net so belangrik soos formulering, spelling, sinsbou.
- ✓ Vergeet die walvis, beskerm die uitroepteken. Respekteer alle leestekens, maar veral die een wat so misbruik word.
- ✓ En noudat ons van leestekens praat, die nemesis van Afrikaanse skryfwerk: Kry 'n reg ('n 'n is nie 'n 'n nie).



- ✓ Onthou ook die belangrikheid van paragrawe – dit is deel van die konstruksie van jou storie.
- ✓ Gebruik gewone woorde en eerstekeuse-woorde in die taal waarin jy skryf – moenie jou leser probeer beïndruk nie.
- ✓ Woorde uit 'n vreemde taal: Verduidelik of vertaal dit. Weer: Moenie lesers probeer beïndruk of aanvaar hulle weet wat dit beteken nie. En maak tog seker jy spel reg.
- ✓ Werk aan oorgange – dit moet glad wees sodat die leser nie eens agterkom jy verander rat of die onderwerp nie.
- ✓ Wees bewus van subtekste, van subtiele boodskappe wat kan deurglip sonder dat jy dit agterkom: jou eie vooroordeel, moontlike stereotipering.
- ✓ Onthou, 'n *deadline* is 'n *deadline* omdat dit 'n *deadline* is. Daar is 'n rede hoekom kopie 'n sekere tyd in 'n redaksiekantoor moet wees. As jy nie *deadlines* nakom nie, gaan jy nie weer gevra word nie.
- ✓ Maak seker jy is nie herhalend nie. Artikels is deesdae kort en korter: Moenie kosbare woorde mors deur ongedissiplineerde skryfwerk nie. En wissel af – soek sinonieme, dit is kruie en speserye.
- ✓ En bly weg van die byvoeglike naamwoorde. Laat jou storie self vertel sonder om op kunsmatige kleur en geur te steun.

(Bron: *Die Afrikaanse skryfgids*. Saamgestel deur Riana Scheepers en Leti Kleyn, 2012)

Konserte en feeste

- **Ds Fanie Beukes en Doulos Armoedebediening**
Reël 'n geestelik opbouende aand
Die kunstenaar en Doulos verskaf die plakkate en kaartjies gratis
Kaartjies kos R60 (gemeente, kunstenaar en Doulos kry elk R20)
Kosverkope is deel van gemeente se wins
Navrae: 073 167 1183 / tel en faks 086 208 3624
E-pos: dankieHeer@gmail.com
www.facebook.com/dankieHeer
- **Saterdag 23 Augustus 18:30 vir 19:00**
Gemeente Benornyn: Yoti die Griekse Boertjie
R150 per persoon
Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317
of Annette by 011 849 1179 of 079 499 5393
- **Saterdag 23 Augustus: Gemeente Noordelike Pretoria word 80**
Feestelikhede skop af met optrede van Liza Bröner
10:00 in die kerkgebou
Daarna heerlike ontbyt en lekker kuier (sap en koffie ingesluit)
R100 vir volwassenes, R60 vir persone bo 65 en laerskoolkinders
(voorskoolkinders gratis)
12de Laan 512, Gezina, Pretoria
Bespreking is noodsaaklik!
Bespreek by Marian Jordaan 082 937 7562
of gemeentelike kerkkantoor 012 335 9148
- **Saterdag 6 September om 09:30: Konsert**
Fondsinsameling vir Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville
Panfluitoggend en heerlike tee en verversings
'n Lentebries met Ryan Walt en Stephan Sterling
Kerkgebou van Gemeente Erasmia
Kalkheuwelstraat, Christoburg (Erasmia)
Vir kaartjies (R60) skakel Sannie Duvenhage (012 654 5246)

Allegaartjie

Jou praat moet beter wees as jou stilby. (Namakwalandse spreekwoord)

Kompetisies en fondsinsamelings

- Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
 18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
 Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
 Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017
 of Alida Reed by 082 228 3552
 of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30
 by 011 826 4625

DELWERSFEES

6 September 2014

8VM TOT 3NM *hr Deetlefs- & Stapiestr*
Pretoria-Noord

R50 000 se Kontant te WEN!
 boerekos*naaldwerk*speelpark*
 witlifant*pannekoek*ontbyt
 kerrie-en-rys*teetuin*fotohoekie*pap-en-kaiings
 skyfskiet*musiek*gemmerbier*speelgoed*koektafel
en nog vele meer!.....

f witfonteindelwersfees ☎ 012-546-5678 | 087-830-0686 ✉ witfontein@mweb.co.za

Basaars en markte

- Vrydag 29 Augustus: Gemeente Barberton: Lentefees en dans**
 Coronation Park
 Optrede en musiek deur Anne-Mari vanaf 19:00
 Lentefees van 12:00 tot laat
 Eet- en drinkgoed, winskopies
 Kontak ds Petrus Dreyer 082 453 8094 / Eureka 082 751 6837
nhk@wi-net.biz
- Vrydagmiddag 29 Augustus en Saterdag 30 Augustus**
Gemeente Wonderboom-Suid: Jaarlikse Basaar
 10de Laan, tussen De Beer- en Naudestraat, Wonderboom-Suid
 Beroemde pap-en-kaiings, kapokaartappels-en-lewer, ens
 Bestellings kan geplaas word!
 Stalletjies vir elke smaak en keuse
 Ontmoet ons eie sjef
 Navrae aan George Rademeyer by 083 702 9292
 of **dawie@infopark.co.za**.
- Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus: Gemeente Tzaneen**
Hanekraaikarnaval: Van vroeg tot laat
 Agathastraat 18, Tzaneen
 Beroemde ontbyt, biltong-en-droëwors-stalletjie
 Baie vermaak vir kleuters, kinders en jongmense
 Kontak gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508 (Maryna Roodt)
 of ds Richard van der Westhuizen by 015 307 4789



- **Vrydag 29 tot Saterdag 30 Augustus: Gemeente Rustenburg-Suid**
Willerste Noordweste Fees by Kockstraat 153
Vrydagaand 18:30: Jakkals (Jakkie Louw) en Leo (Kevin Leo)
R100 volwassenes, R40 skoolkinders
Navrae aan Lindy 081 019 3977 / Frikkie 082 445 4336
Saterdag: Fees
Jeugarena, troeteldierfotokompetisie, kunsmark, basaarlekkernye
Wen 'n aand by Akwaaba Lodge en Roofdierpark
- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus: Oesfees op Ottosdal**
Vrydagaand: Met **Manie Jackson** en 'n ete op die Oesfeesterrein
Saterdag: Uitstallers, lekkernye, hope vermaak vir die kinders
Navrae aan gemeentelike kantoor by 018 571 0200
of ottosdal@nhk.co.za
- **Saterdag 30 Augustus: Gemeente Mafeking: Reënboogfees**
Gaskunstenaars: Betty-Jean, Rudi Roos en Ricardo Muller (gratis toegang)
Skenk R50 en wen moontlik R10 000, R5 000 of R3 000 kontant!
Veiling van unieke handvervaardigde meubels, speelgoed, olieverfskildery en vele meer
Vermaak vir kleingoes en jeugdige
Verskeidenheid te eet en drink
Navrae aan Kallie 079 893 9031 / Nelia 083 665 6239
- **Saterdag 30 Augustus: Gemeente Ventersdorp: Basaar**
Gesinsdag vir almal, baie te ete en te drinke
Vleis te koop – onder meer heerlike boerewors en sosaties
Navrae aan ds Marius Jansen van Vuren by 072 850 4960
of Nico Kock by 083 204 6715
of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245
- **Donderdag 24 – Sondag 27 September 2015**
Gemeente Utrecht in KwaZulu-Natal
Pure Plaas Boerefees en Potjiekompetisie
Die gemeente het gekrimp tot net 35 lidmate!
Ons nooi ons mense wat self produkte maak of produseer
Bespreek 'n stalletjie by ons teen slegs R200 per stalletjie en R50 ekstra vir krag
Navrae aan Sanet Bezuidenhout (koördineerder) by 034 331 4362
Inligting beskikbaar by:
https://www.facebook.com/pages/Hervormde-Kerk-Utrecht-Potjiekos-Kompetisie-en-Pure-Plaas-Boerefees/524040567722874?hc_location=timeline

ANDER NUUS

- **Vakature: Voltydse orrelis: NG Kerk Alberton-Wes**
BMus-graad en ondervinding van koorafrigting aanbeveel
Bewese rekord van pyporrelbegeleiding
van minstens 3 jaar in 'n gemeente
Vergoeding volgens SAKOV-salarisskale
Sluitingsdatum vir aansoeke **15 September 2014**
Stuur CV na ngkalbw@iafrica.com
Navrae aan Deona Bernard by 011 869 0001
- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Wes-Kaap**
Prestige dinee vir Bybelverspreiding
Spreker: Sakeleier Brand Pretorius
Onderwerp: *Het dienende leierskap nog bestaansreg in 'n ongenaakbare sakewêreld?* (Volgens Brand het goeie leierskap niks te doen met gesag, posisie en mag nie. Die voorreg om te kan lei, kan nie geëis word nie – dit kan slegs

verdien word deur middel van karakter, optrede en resultate.)

Datum: 24 Oktober

Plek: NH The Lord Charles Hotel, Somerset-Wes

Tyd: 19:00 vir 19:30

Drag: Formeel / tradisioneel

Koste: R490 per persoon / R4 800 vir tafels van tien

Individuele besprekings welkom

Kontak Heila van Wyk by 082 670 2968

of stuur 'n e-pos na heilavw.liaison@gmail.com

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na produksie@nhk.co.za. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.** (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.) Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. **GEEN** advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads.** **Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Die appelkoosboom blom
en ek kniel voor U om uit te roep:
Kyk, U maak alles nuut!
Uit die droewe takke van die winterboom
het U die blomme van hoop laat breek.
My God, U ken die takke
en die eindelose winter van my siel.
As U bome wat brandhout word
só herskep,
o God,
dan kan U dit mos in my ook doen.

(Maretha Maartens)



www.installitdirect.com